Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmonad | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

NOVEMBER 2020

# Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

## KUSOPRUIMING: SÓ WERK ONS AAN 'N ROMMELVRYE OSEAAN

Ter ondersteuning van Internasionale Kusopruimingsdag het vrywilligers oral in die wêreld op 19 September hul bes gedoen om strande, estuariums en riviere skoon te maak in 'n poging om te verhoed dat goed soos plastiekbottels en -doppies, polistireen-kitskoshouers, plastiese omhulsels, stompies en uitgediende visgerei in die oseaan beland.

Onder toesig van Munisipaliteit Overstrand se omgewingsbestuursdienste (EMS) en die departement van omgewingsake, bosbou en visserye (DEFF) het 'n netwerk vennote en organisasies gehelp om 'n hele peloton vrywilligers byeen te roep wat saam-saam 'n fantastiese stukkie werk langs Overstrand se kuslyn verrig het.

Om maar een voorbeeld te noem, nie minder nie as twee-en-dertig sakke vol gemors (185 kg in totaal) is langs die 5 km-stuk strand van Die Gruis tot by Sopiesklip in die omgewing van De Kelders opgetel.

*Overstrand se omgewingsbeamptes, DEFF-jeugkoördineerders en CapeNature-veldwagters met die rommel wat hulle in die omgewing van De Kelders bymekaargemaak het.*

Nie te ver daarvandaan nie, het Gansbaaitoerisme 'n span brandbestryders en vrywilligers gekoördineer wat handjie bygesit het om 'n gebied van twee kilometer rondom die dokke in die Gansbaaihawe skoon te maak.

Benewens die opruiming van 'n hele hoop uitgediende visgerei, het hierdie span se "fonds" nie minder nie as 41 sakke met 'n totale gewig van 208 kilogram beloop. Dalkies het die weggegooide trekkerbuiteband wat in dié proses ontdek is 'n kilogram of twee tot daardie syfer bygedra.

Let daarop dat alle versamelde gemors en rommel as óf herwinbaar (geel sakke) óf onherwinbaar (swart sakke) geklassifiseer is. Deur rommel op hierdie wyse te skei en te dokumenteer, kan help om voldoende statistiek in te samel wat op die waarskynlike oorsprong van besoedelingstowwe dui en vervaardigers dalk sal oortuig om hul vervaardigingsmetodes te verander. Plastics SA is verantwoordelik vir die inwin van alle inligting en dit word deurgegee aan die Ocean Conservancy wat wêreldwye statistiek byhou.

## NUWE BLITSLYNNOMMER VIR RAPPORTERING VAN BOBBEJAANKWESSIES: 072 028 0008

HWS, die diensverskaffer wat aangestel is om bobbejaanbeheer in die Overstrand te behartig, is tans bedrywig in die oostelike gedeelte (Voëlklip, Hermanus Heights en Fernkloof) sowel as in die westelike gedeelte (Pringlebaai). Indien u 'n voorval wil aanmeld indien u 'n voorval wil aanmeld, gebruik asseblief die blitslyn hierbo, gebruik asseblief die blitslyn hierbo.

## OORTREDERS VAN REËLINGS RONDOM AFVALVERWYDERING VOORTAAN SWAAR BEBOET

Ongelukkig is daar steeds heelwat inwoners wat hulle glad nie steur aan die munisipaliteit se pleidooi om NIE hul asbliksakke of rolvullishouers vóór 07:00 op die geskeduleerde dag vir afhaling uit te plaas nie, met die gevolg dat bobbejane, voëls, honde en katte baljaar en daartoe aanleiding gee dat gemors oral verstrooi en in alle windrigtings waai.

Die hartseersaak is dat daardie rommel in stroompies, estuariums en, op die lange duur, in die see gaan beland.

Aangesien nalating om te voldoen aan die stipulasies rakende die afhaal van huishoudelike afval, soos vervat in Munisipaliteit Overstrand se Verordening op Geïntegreerde Afvalbestuur, 'n strafbare oortreding is, sal die munisipaliteit in die toekoms noodgedwonge swaar boetes moet oplê vir diegene wat hulle aan die oortreding van hierdie verordening skuldig maak.

*Daar word veral 'n beroep op huiseienaars en verhuringsagente gedoen om ag te slaan op die skedule hieronder en om reëlings in hierdie verband onder vakansiegangers en naweekbesoekers se aandag te bring:*

- Elke huishouding word toegelaat om een rolvullishouer of vier swart sakke (waarvan slegs een sak tuinafval mag bevat) vir verwydering op die sypaadjie uit te plaas in areas wat nie deur die munisipaliteit as probleemdiergebiede geïdentifiseer is nie.
- In geïdentifiseerde probleemdiergebiede mag geen afvalsakke op die sypaadjie gelaat word nie en moet afvalhouers met bobbejaanbestande sluittoestelle beveilig word.
- In alle gevalle moet oormaat-afval na die naaste oorlaaistasie geneem word en nie langs munisipale vullisblikke/houers gestort word nie.
- In die geval van naweekbesoekers en vakansiegangers moet reëlings asseblief getref word met bure in die omstreke om te verseker dat huishoudelike afval slegs op die geskeduleerde dag uitgeplaas word.
- Enige items wat van glas gemaak is, moet sover moontlik toegedraai of verpak word alvorens dit in die vullishouer/sak geplaas word om te verhoed dat mense wat die sakke/houers hanteer, beseer word. Items van glas moet, inderwaarheid, eerder afgelaai word by oorlaaistasies of aflaaipunte wat as versamelpunte vir herwinbare afval dien.

*Vir u gerief, verwys asseblief na die handige vullisverwyderingskedule wat Overstrand in sy geheel dek, soos hieronder verskaf:*

### SKEDULE VIR DIE VERWYDERING VAN VULLIS

**HERMANUS-ADMINISTRASIE**

**Maandag:** Vermont, Fisherhaven, Voëlklip • **Dinsdag:** Onrus, Chanteclair, Berghof, Sandbaai, Hemel-en-Aarde • **Woensdag:** Zwelihle, Mount Pleasant • **Donderdag:** Westcliff, Northcliff, Huise in die middestad en Hermanus Nywerheidsgebied • **Vrydag:** Fernkloof, Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaaiwater.

**GANSBAAI-ADMINISTRASIE**

**Maandag:** Pearly Beach, Eluxolweni, Buffeljaags, Informal settlement of Masakhane **Dinsdag:** De Kelders, Formal settlement of Masakhane, Beverly Hills • **Woensdag:** Franskraal, Informal settlements of Masakhane, Industrial Areas • **Donderdag:** Kleinbaai, Baardskeerdersbos **Vrydag:** Gansbaai, Perlemoen Bay, Masakhane, Beverly Hills, Blompark

**STANFORD-ADMINISTRASIE**

**Dinsdag:** Noord van De Bruynstraat • **Donderdag:** Suid van De Bruynstraat

**KLEINMOND-ADMINISTRASIE**

**Maandag:** Rooi Els, Kleinmond Sea Avenue, Kleinmond Mountain Avenue, Klein Berlyn, Heuningkloof • **Dinsdag:** Proteadorp, Overhills, Mountain View, Uitbreiding 6, Palmiet, Sunny Seas • **Woensdag:** Bettysbaai, Mooiuitsig • **Donderdag:** Pringlebaai.

*DAE BLY DIESELFDE ONGEAG OPENBARE VAKANSIEDAE.*

# UITBREIDING VAN *RIOLERINGSNETWERK* IN KLEINMOND

Teen middel-September het Amandla Construction met uitbreidingswerk in 10de Laan begin en vorder heel goed. Om en by dieselfde tyd het die ander kontrakteur, Venleo Construction, op die laagste punt in 4de Straat begin waarvandaan daar opwaarts beweeg sal word om riole in 6de, 7de, 8ste en 9de Laan aan te lê.

Beide kontrakteurs het onderneem om inwoners 'n week kennis te gee voordat daar met konstruksie in hul gedeelte van die betrokke lane begin word, maar het gewaarsku dat konstruksie tussen mangate dalk so lank as twee weke kan duur, afhangende van die weer.

Ten tyde van konstruksiewerke sal inwoners steeds toegang tot hul eiendomme hê, behalwe in gevalle waar paaie té nou is. In sulke gevalle het die kontrakteurs onderneem om die betrokke eienaars vroegtydig te waarsku.

Desondanks word alle geaffekteerde inwoners aangeraai om 'n ogie op die vlak van hul opgaartenks te hou en om te verseker dat hulle ten minste 'n week voordat konstruksie in hulle laan 'n aanvang neem 'n tenkerdiens te bespreek.

**Bespreek 'n tenkerdiens by 028 271 8400/8435.**

Overstrand doen 'n beroep op almal om konstruksievoertuie 'n bietjie ruimte te gun, geduld te beoefen en asseblief eerder weg te bly van die geaffekteerde areas. Werk aan die verbinding van Heuningkloof met die uitgebreide rioolnetwerk is min of meer afgehandel en die kontrakteur is tans besig om paaie en sypaadjies te herstel. Hierna sal Munisipaliteit Overstrand 'n finale inspeksie uitvoer en inwoners inlig oor wanneer hulle by die uitgebreide rioleringsnetwerk kan aansluit.

## GRYPDIEWERY AAN DIE TOENEEM

# WEES BEDAG

Overstrand se wetstoepassers maan almal – veral voetgangers en klante wat restaurante en kafees besoek – om deurentyd bedag te wees op wat rondom hulle gebeur en om nie waardevolle artikels, veral selfone en beursies/handsakke, goedsmoeds ten toon te stel nie. Grypdiewe is daarvoor bekend dat hulle iemand van agter nader en dan iets gryp ('n selfoon of 'n beursie/handsak) en om hulle dan uit die voete te maak voordat die slagoffer kan reageer.

Mense is maar al te geneig om op hul selfone te praat terwyl hulle straataf stap of in kafees sit, met die gevolg dat hulle glad nie let op wat rondom hulle gebeur nie. Dit is net die kans waarvoor kriminele soos dié wag om toe te slaan.

Aangesien jou aandag elders gevestig is, gaan die dief jou onverhoeds betrap.

Wees dus asseblief bedag wanneer jy jou foon in die openbaar gebruik. Iemand hou jou dalk dop.

**SPESIALE WAARSKUWING AAN FIETSRYERS**

Ongelukkig is verskeie voorvalle aangemeld waar houtgeruste fietsryers in die omgewing van Sandbaai en Mount Pleasant en langs die R43 oorval en van hul fietsryers en selfone beroof is.

Daarom word fietsryers gemaan om weg te bly van verlate paaie en eerder in groepe te ry. En, soos hierbo gemaan, wees bedag op wat rondom julle gebeur en sorg dat daardie oorfone en selfone nie té opsigtelik is nie.

Teen druktyd het Fronwen Marais, die beampte van die taakspan wat aangewys is om van hierdie aangeleentheid werk te maak, bevestig dat alles moontlik gedoen word om die skuldiges vas te trek en die veiligheid van beide die publiek en fietsryers te verseker.

## INWONERS VAN HERMANUS GEMAAN OM WATER STEEDS SPAARSAAM TE GEBRUIK

Selfs al het die De Bos-dam sy kapasiteit vroeg in Oktober bereik en vir die eerste keer in vier jaar oorgeloop, beteken dit nie dat water vermors moet word en dat inwoners hulle omsigtige gebruik van hierdie kosbare bron moet verslap nie.

Oor die afgelope vier jaar het Hermanus onder 'n uitmergelende droogte gebuk gegaan. Gelukkig was dié dorp se inwoners maar al te gewillig om alles in hulle vermoë te doen om 'n ramp af te weer en het hulle met verloop van tyd water-slim-burgers geword wat deesdae weet hoe om hulle gewoontes aan te pas sodat water doeltreffend verbruik word.

Hierdie krisis is nou die hoof gebied, maar ons durf nie die lesse vergeet wat ons in die proses geleer het nie.

Munisipaliteit Overstrand versoek alle verbruikers om nie hulle tuine tussen 09:00 en 17:00 nat te lei nie.

Neem kennis dat die beperkende tariewe wat opgelê is om oormatige waterverbruik in Groter Hermanus te ontmoedig, met ingang 01 September 2020 opgehef is.

## LISENSIËRING & REGISTRASIES: SO WORD AGTERSTANDE UITGEWIS

- Hermanusverkeer sal voortaan elke tweede Saterdag van 08:30 tot 12:00 oop wees. Die inperking as gevolg van die Covid-19-pandemie het 'n reuse agterstand in die hernuwing van rybewyse en die uitreiking van openbare bestuurs-permitte tot gevolg gehad. Voorts kon geen padwaardigheidstoetse of leerlinglisensietoetse uitgevoer word nie. In 'n poging om hierdie situasie die hoof te bied, sal alle verkeerskantore in die munisipale gebied voortaan op weeksdae vanaf 08:00 oop wees. Amptenare by Hermanus se verkeersafdeling sal elke tweede Saterdag van 08:30 tot 12:00 aan diens wees om sover moontlik hulp te verleen.
- Doen jou deel om veilige prosessering te bespoedig: Alhoewel Overstrandverkeer sal verseker dat alle maatreëls in plek is om mense wat sy kantore besoek te beveilig, moet alles moontlik gedoen word om te verhoed dat groot getalle mense op een plek saamdrom. Met hierdie doel voor oë versoek ons vriendelik dat u die volgende doen:
- Indien enigsins moontlik, betaal die nodige gelde vooraf in deur van elektroniese oordragfasiliteite gebruik te maak. U kan die bedrag wat betaalbaar is verifieer deur 028 313 8175/8031/8166 (Hermanusverkeer), 028 384 8339 (Gansbaaiverkeer) of 028 271 8400 (Kleinmondverkeer) te skakel.

- *Maak seker dat u die volgende byderhand het:*
- Identiteitsdokument, paspoort, verkeersregister (oorspronklik of afskrif)
- Bewys van adres (bv. munisipale rekening, telefoonrekening of kleinhandel-rekening (nie ouer as drie maande nie)
- *As u 'n lisensieskyfie namens iemand anders hernieu, sorg asseblief dat u die volgende byderhand het:*
- 'n Brief waarin die registrasienommer van die betrokke voertuig vermeld word en wat u magtig om die lisensie namens die eienaar te hernieu en/of in die geval van getroude pare, 'n afskrif van u huweliksertifikaat
- 'n Gewaarmerkte afskrif van beide u ID en die ID van die persoon wie se lisensieskyfie u gaan hernieu
- Die lisensieskyfie of registrasiedokumente van die betrokke voertuig

## GRETIG OM JOU EIENDOM VAN DIE HAND TE SIT?

*Wees gewaarsku: 'n Oormaat "TE KOOP"-bordjies op die sypaadjie kan tot 'n boete lei*

*Ingevolge Munisipaliteit Overstrand se Verordening insake Buitereklame en Advertensietekens, 2011, word slegs twee "TE KOOP"-bordjies per eiendom toegelaat waarvan nie meer as een van 'n spesifieke eiendomsagent mag wees nie. Voorts bepaal hierdie verordening dat:*

1. In die geval van 'n hoekerf, elk van die twee agente 'n "TE KOOP"-bordjie op die eiendom se twee voorkante mag aanbring.
2. Bordjies van rame of pale voorsien moet word en binne die grense van 'n eiendom opgerig moet word. Indien 'n grensmuur of heining verhoed dat daar aan hierdie bepaling voldoen kan word, moet die bordjie binne 0,5 m parallel met die muur of heining geplaas word. Waar geoorloof, kan 'n bordjie aan die eiendom se hek of muur of heining aangebring word.
3. Agentskappe en agente hulle bordjies gereeld moet nagaan en verseker dat hulle in stand gehou word en aan die bepalings van hierdie verordening voldoen.
4. "TE KOOP"-bordjies slegs op die betrokke eiendom aangebring mag word en nie van pyltjies of soortgelyke aanwysers gebruik mag maak om kliënte na 'n eiendom te lei wat te koop is nie, behalwe in die geval van 'n pypsteelerf.
5. In die geval van omheinde residensiële ontwikkelings, slegs een "TE KOOP"-bord per agentskap buite sodanige ontwikkeling ten toon gestel mag word.
6. Sodanige "TE KOOP"-borde aangebring sal word by of aangeheg word aan die betrokke gebou, of aangebring word aan die grensomheining van die betrokke eiendom, of vertoon word binne die grense van sodanige eiendom, of – indien die munisipaliteit daartoe instem – in die padreserwe binne 'n afstand van 0,5 m vanaf die grens van die betrokke eiendom.
7. Alle "TE KOOP"-borde/bordjies nie groter as 0,27 m2 mag wees nie en van rame en pale voorsien moet word. Geen ander items mag aan sodanige borde geheg word nie.

**Die eienaar van die eiendom is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat daar aan die voormelde bepalings voldoen word. Eienaars wat nalaat om oorbodige "TE KOOP"-bordjies of -borde wat nie aan die voormelde bepalings voldoen nie, te verwyder, is skuldig aan 'n oortreding ingevolge die bepalings van die betrokke verordening en kan beboet word.**

## BIBLIOTEKE HEROPEN *MAAR MET STRENG VOORBEHOUDE*

Nadat verskeie veiligheidsmaatreëls ingestel is, met inbegrip van die herorganisering van openbaretoegangareas, is alle biblioteke in die Overstrand vanaf Maandag tot Vrydag oop vir besoekers, met die uitsondering van die naslaan- en leesstofafdeling. Dit kom kortom daarop neer dat besoekers weereens boeke kan uitneem, maar hulle kan nie rustig deur tydskrifte en koerante in die leeskamer blaai nie. Insgelyks is toegang tot die naslaanafdeling opgeskort. Internettoegang sal, in die toekoms, ook tot vooraf-bespreekte sessies van 30 minute beperk word. Benewens navolging van die basiese reël, geen masker, geen toegang, sal Overstrand se biblioteke sorg dat sosiale afstande gehandhaaf word deur gebruikers se besoektye tot 30 minute te beperk. Om daardie rede is dit nie tans moontlik om rustig deur die rakke te snuffel nie. Gebruikers van Overstrand se biblioteke word ook versoek om die materiaal wat hulle uitgeneem het, terug te besorg in verseëlde sakke (waarop hul lidmaatskapbesonderhede duidelik aangetoon word). Daardie sakke moet dan in die houers/bokse by die ingange tot die onderskeie biblioteke geplaas word. Alle materiaal wat terugbesorg word, moet eers 'n "kwarantyntydperk" deurloop alvorens hulle weer op die rakke geplaas kan word. Gegewe dat sommige boeke dalk in kwarantyn mag wees, is Elna van der Linde, Gansbaai se bibliotekaresse, se raad aan besoekers om van die aanlyn biblioteekkatalogus gebruik te maak om te kyk watter boeke beskikbaar is. Gaan na www.overstrand.gov.za en klik op "Web Links" onderaan die bladsy. Klik dan op '*libraries*" en "*SLIMS*" om biblioteekmateriaal te versoek. So nie, gaan na wc.slims.gov.za/desktop/desktopwcheplhe. Versoeke kan ook via e-pos na die hoofbibliotekaris van jou plaaslike biblioteek gestuur word. Sulke versoeke moet die nommer van jou biblioteekkaartjie, naam en van, identiteitsnommer, fisiese adres en kontaknommer bevat. Die biblioteekpersoneel sal hul bes doen om alle boeke en ander biblioteekmateriaal wat versoek is binne twee dae te versamel en reëlings vir die afhaal daarvan te tref. Hulle waarsku egter dat van die materiaal dalk in kwarantyn mag wees en, derhalwe, nie dadelik beskikbaar sal wees nie.